**herbieoosthuizen**
**& assosiate - associates | prokureurs - attorneys**

Prokureurs - Attorneys • Notarisse - Notaries • Transportbesorgers - Conveyancers
Boedelberedderaars - Estate Administrators
• Professionele Waardeerders - Professional Valuers • Mediators - Mediators

MOSSELBAAI / MOSSEL BAY
Montagustraat 71 Montagu Street, 6500
GROOT BRAKRIVIER / GREAT BRAK RIVER
Langstraat 85 Long Street, 6525
BEIDE KANTORE / BOTH OFFICES
Posbus 2810 P.O. Box
MOSSELBAAI / MOSSEL BAY
Docex 13
herbie@holaw.co.za
(t) 044 601 8700
(f) 044 690 4803

| ONS VERWYSING / OUR REFERENCE | U VERWYSING / YOUR REFERENCE | DATUM / DATE |
|---|---|---|
| Herbie Oosthuizen / eb / | | 23 Augustus 2022 |

**MOSSELBAAI GRONDEIENAARSVERENIGING**
Per epos: admin@mgev.co.za

Geagte Meneer

**MUNISIPALITEIT VAN MOSSELBAAI**
**MOSSELBAAI GRONDEIENAARSVERENIGING**

1. Ons tree in hierdie aangeleentheid op namens die Munisipaliteit van Mosselbaai ("ons kliënt").

2. Dit het onder ons kliënt se aandag gekom dat u, namens die Mosselbaai Grondeienaarsvereniging ("MGEV"), onderskeie korrespondensie aan inwoners binne ons kliënt se munisipale gebied versprei.

3. U skrywe gedateer 8 Augustus 2022, met opskrif "Nuusbrief 5" ("die nuusbrief"), is onder andere deur sekere van ons kliënt se werknemers ontvang.

4. Dit is ons instruksies van ons kliënt om die volgende op rekord te plaas:

   4.1 Die nuusbrief is nie net regtens en feitelik verkeerd nie, maar ook kwelsugtig deurdat die eerste paragraaf daarvan, as 'n feit beweer, dat 'n bedrag van R365 466 869.00 deur ons kliënt aan die "Grond Eienaars" verskuldig is;

4.2 Die stelling dat "Munisipaliteit Mosselbaai ("MM") vir sewe jaar nie die belastingtariewe gepromulgeer het soos deur wetgewing voorgeskryf is nie (Die Verslag is Aangeheg)" is beide regtens en feitelik verkeerd;

4.3 Die inhoud van u voorgemelde nuusbrief is gebaseer op die foutiewe beweringe vervat in die verslag, wat daarby aangeheg is.

5. Ons kliënt neem kennis van die vergadering(s) wat belê is en beoog word deur die vereniging.

6. Die verhouding tussen ons kliënt en sy inwoners is belangrik. Korrekte inligting en/of statistieke kan bekom word deur die kantoor van die Munisipale Bestuurder by wyse van skriftelike navrae. Ons stel voor dat u, vir die goeie orde en behoorlike deursigtigheid, van daardie geleentheid gebruik maak.

7. Ons kliënt se regte met betrekking tot beweringe gemaak, enkele waarvan na hierbo verwys is, maar geensins poog om 'n volledige en omvattende lys daarvan voor te gee nie, word voorbehou.

By voorbaat dank.

HERBIE OOSTHUIZEN & ASSOSIATE
Per: H Oosthuizen